

Roepingsbegrip bepaal DVK's se taak



Johan Kotzé

DVK's - 'n soort 'baas'

Gemeentes beskik al sedert 1998 oor diensverhoudingskommissies (DVK's).

Ringe en sinodale kommissies het vroeër toesig gehou oor die beroeping van predikante, en tug en vergoeding hanteer. Sake is dikwels op reaktiewe wyse bedryf. Dit het tot baie dispute en vertroebelde verhoudings gelei. Gemeentes se inspraak was beperk en kundigheid met betrekking tot kerkreg was dun gesaai.

Sedert 1994 het die Suid-Afrikaanse arbeidsomgewing boonop drasties verander. Veral die wysiging van belangrike wetgewing soos die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995), die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (1997) en die Wet op Diensgelykheid (1998) was groot invloed op die arbeidsomgewing.

Die totstandkoming van diensverhoudingskommissies (DVK's) op sinodale vlak en in gemeentes, het aanvanklik 'n sterk kerkreg- en arbeidsregonderbou gehad. Sowel die samestelling van kommissies (mense uit die regsprofessie) as sake op die agendas van diensverhoudingskommissies, het 'n regsoriëntasie beklemtoon. Ten tye van die vestiging van DVK's, is veral klem gelê op sake soos aanstellingsooreenkomste, posbeskrywings en personeelbeleid.

Op gemeentevlak het die DVK's verskillende gestaltes aangeneem. In sommige gemeentes is die DVK as 'n tipe regskommissie gesien, by ander weer as 'n soort dagbestuur aan wie alle personeellede rapporteer ("die baas"). Daar is vermoedelik ook 'n groot aantal kommissies wat onaktief is, of glad nie funksioneer nie.

Vanuit 'n werknemeroogpunt, het baie predikante bedreig en blootgestel gevoel. Die ring en die sinode is in die verlede as 'n beskermingsmeganisme beskou.

Vir baie ander het DVK's 'n bron van ondersteuning en 'n "omgeegroep" geword met wie oop gesprekke gevoer kon word oor sake wat in die verlede dikwels nagelaat is.

Met die wysiging van die Kerkorde in 2002 het die ring weer eens die verantwoordelikheid gekry om beroepe goed te keur en om 'n toesighoudende rol te vervul by die uitdienstelling van predikante (artikel 12b).

Daarmee is 'n beter balans gevind tussen die noodsaaklike verwickelinge op die DVK-terrein en die unieke roepingsverhouding tussen 'n leraar en 'n bepaalde kerklike werkkring.

DVK se taak en kritiese fokusareas

Daar is geen twyfel nie dat indien diensverhoudinge in 'n gemeente verantwoordelik bestuur word, dit 'n enorme bydrae kan maak tot die doeltreffende bestuur van gemeentes waarbinne personeellede geborge voel en hulle volle potensiaal kan verwezenlik.

Dit is egter baie belangrik dat DVK's verstaan dat hulle funksie 'n ondersteuningsarm vir die kerkraad (dagbestuur) is wat 'n direkte bestuursverantwoordelikheid het. *DVK's is dus 'n staffunksie en nie 'n lynfunksie nie.*

Die kerkraad, deur sy kommissies en bedieninge, bestuur die programme en aktiwiteite van die gemeente. Vergeleke met 'n tipies sekulêre werkgewer, sou 'n mens kon sê by die kerk is Christus die Hoof, en dat Hy die kerk regeer deur sy Woord en Gees. Die kerkraad (dagbestuur) het die regeerverantwoordelikheid (soos 'n direksie), die kommissies funksioneer as verskillende departemente, en die DVK is die personeelafdeling (die afdeling mensehulpbronbestuur).

Die kritiese fokusareas van DVK's kan nou soos volg uitgespel word:

- * Personeelvoorsiening
- * Organisasiestruktuur

- * Personeelvergoeding
- * Personeeladministrasie
- * Personeelbeleid
- * Personeelopleiding en –ontwikkeling
- * Personeelaangeleenthede
- * Dissiplinêre en grieweangeleenthede
- * Doeltreffende bestuursprosesse

Behoeftes van DVK's verander al hoe meer

Fasiliteringsinstansies word toenemend genader vir hulp met beroepingsprosesse en konflikhantering in gemeentes. Hulle fokus meestal op die predikante en DVK's waar verskille oor die predikant se rol en taak bestaan. Visioenering of roepingsontwikkeling vir gemeentes, wat roluitklaring van predikante insluit, raak dus al hoe belangriker. Hiervoor is daar baie redes.

Die meeste hiervan het te make met die DVK-lede se Gods- en kerkbegrip en hulle begrip van Christenskap. Baie lidmate se denkraamwerk is ongelukkig nog dat die Here hulle gered het, dat hulle op pad is hemel toe, en terwyl hulle op aarde is, moet hulle een van die ampte in die kerk beklee, Sondae kerk toe gaan en dankoffers gee. In baie breë trekke is daar waarheid in, maar dit is nie die volle waarheid nie. Daarom val roluitklaringspogings in gemeentes plat, omdat die lede nie 'n grondige roepingsverstaan het nie.

'n Ander bydraende faktor is dat van die DVK-lede, dalk kenners op hulle gebied in die sakewêreld, nie verstaan dat hierdie kennis en metodiek nie net so in die kerk toegepas kan word nie. Dit neem tyd om uit te vind dat korporatiewe maatreëls nie sonder meer in die kerk aard nie.

'n Voorbeeld hiervan is dat DVK's baie keer probeer om predikante se werk tot in die fynste besonderhede te meet deur die toepassing van prestasiebestuurbeginsels. Die resultaat is dat die DVK aan die kerkraad 'n wetenskaplik-gefundeerde verslag oor die predikant se uitvoering van sy taak kan voorlê. En alhoewel dit waar is dat elemente van die predikantstaak gemeet kan word, is *nie alles meetbaar nie*. Prestasiebestuur bring nie die gewenste resultate nie, want dit kan nie die werking van die Gees meet nie.

Nog 'n rede is dat DVK's begin by die uitkomst en uitsette (artikel 9), terwyl dit belangriker is om by die roeping en gawes van 'n predikant te begin. Dit blyk duidelik dat die finale uitsette en uitkomst van gemeentes in verskillende kontekste kan verskil.

Ongelukkig is dit ook so dat daar té veel persoonlike agendas van DVK-lede in hulle taak setel. Hulle

begrip van die predikant se rol is oorwegend die instandhouding van die gemeente. Dinge binne die kerk mag nie verander nie. Die wêreld buite die kerk is aan't verander, maar die kerk is die laaste veilige hawe vir enersdenkendes. Die feit dat God die kerk roep om oor grense heen te gaan, wat 'n verandering in kultuur vereis, speel nie 'n rol in hulle verstaan nie.

Ervaring wys ook dat die DVK's in gebreke bly om roluitklaring prosesmatig te benader en om al die elemente van belang daarin te inkorporeer.

Die indruk moet nie gevorm word dat alle DVK's oneffektief is nie. Intendeel, waar DVK's effektief funksioneer, kan jy as buitestaander gou die gelukkige werksklimaat aanvoel. Tog bly baie DVK's in gebreke om met meer onderskeiding vanuit 'n roepingsverstaan te werk.

'n Beter benadering

Vir die gemeente om hulle roeping by God te hoor, is die volgende elemente nodig.

Wie is God? Die bedoeling met hierdie vraag is die herontdekking dat God steeds aan die werk is. Hy roep die gemeente om deel van sy sending te word. God is die inisieerder en het 'n voorkeurtoekoms vir elke gemeente. Dié denkraamwerk is wat David Bosch in sy *Transforming Missions* beskryf het: *"Teologie kom voor ekklesiologie. Maar missionêre teologie kom voor beide"*.

Wie is ons? Die herontdekking dat die gemeente bestaan uit die uitgeroepenes, uitgeroep om terug te gaan wêreld toe om deel te neem aan die *Missio Dei*.

Wat is ons roeping as gemeente? Om deur geloofsonderskeiding by God te hoor wat sy voorkeurtoekoms vir die gemeente is. Wat verlang God moet die gemeente wees en doen?

Hoe gaan ons ons roeping beliggaam? Dit is die bedieningsplan om aan die roeping gestalte te gee.

Roluitklaring

Sou die gemeente se roeping, visie of missie (wat die gemeente ook al gebruik) nie gefinaliseer wees nie, kan predikante-roluitklaring ook nie geskied nie.

Gemeenteroeping kom altyd eerste. Dit is die vertrekpunt, en nie die predikant se eie roeping of die predikant, kerkraad of DVK se visie oor waarheen die gemeente op pad is of behoort te wees nie.

Roeping is egter nie konteksloos nie. 'n Gemeenteroeping, deur geloofsonderskeiding by God gehoor, kan nie niks met die gemeenskap te doen hê

nie. Daarom die bepaling in die Kerkorde wat handel oor die opbou van die liggaam. Artikel 9.1 van die Kerkorde lees: "... die toerusting van gelowiges vir die deelname van die kerk aan die werk van God in sy wêreld".

❑ By die roluitklaring van predikante, kom die roeping ook eerste. God het predikante vir 'n spesifieke roeping geroep. En ja, mettertyd skuif die roepingsopvatting. Daarom is die gemeente se roepingsontdekking, sowel as dié van die predikant, altyd 'n deurlopende reis.

❑ Die predikant se God-gesentreerde selfdefinisie is die volgende kritiese element. Wat 'n predikant moet doen, volgens Rabbi Edwin Friedman (*A Failure of Nerve: Leadership in the Age of the Quick Fix*) is om hom- of haarself te definieer. Friedman noem dit "self differentiation". Dit is die vermoë van 'n leier om doelwitte en waardes te kan definieer.

Dit is krities. Leiers moet weet wie hulle in Christus is en wat hulle oortuigings is. Hulle moet die vermoë hê om helder oor doelwitte en waardes te wees, sonder om so gespanne te raak dat hulle dié doelwitte op andere en die gemeente afforseer.

❑ Daarna kom die heerlike dialoog. Wat is die predikant se rol in die geestelike begeleiding van die gemeente, sodat die gemeente aan sy roeping gehoorsaam kan wees? Hierdie deel van die proses neem langer as wat soms gedink word. Dié oefening is deel van par 9.1 van artikel 9 van die Kerkorde.

Kerkorde-artikel motiveer

Die fokus van die amp van die predikant is die bediening van die Woord (in al sy gestaltes) en van die sakramente, sowel as die toerusting van gelowiges vir die deelname van die kerk aan die werk van God in sy wêreld.

Dié nuwe, hersiene artikel 9 is 'n welkome, motiverende gedeelte. Watter predikant sal nie graag in die lig van par 9.1 (aldus Oswald Chambers) sy allerbeste vir die Allerhoogste wil gee nie?

Die roepingsontdekking van 'n gemeente en dié van die predikante is 'n reis, nie 'n bestemming nie. *Roluitklaring is die beskrywing van verantwoordbaarheid op hierdie reis binne 'n sisteem van genade.*

Opgesom

In die lig van die roluitklaring van predikante, kan die taak van die DVK só verduidelik word:

❑ Die taak van die DVK is nie 'n tegniese oefening om die predikant se rol en taak te beskryf nie. Dis eerder om sáám te onderskei wat die predikant as

geestelike leier se verantwoordelikheid is, met inagneming van die predikant se roeping en identiteit. Die doel daarvan is om die gemeente te begelei om sy gestuurde roeping te beliggaam, soos wat die gemeente God se belofde en voorkeurtokoms tegemoet gaan.

● **Johan Kotze** - Johan het tot en met 1998 by Sanlam gewerk en het daarna by die destydse Buvton (vandag *Communitas*) as gekontrakteerde gemeentefasiliteerder aangesluit. Hy is ook 'n konsultant vir SAVGG.

Artikel 9.1 van die Kerkorde lees:

‘ Die fokus van die amp van die predikant is die bediening van die Woord (in al sy gestaltes) en van die sakramente, sowel as die toerusting van gelowiges vir die deelname van die kerk aan die werk van God in sy wêreld. ’